**November 2022**

# Stellenberger

## Ons fokus vir 2023:

# Behoort | Bewoon | Bewerk | Bewaar

Deur: Ds. Marius Breytenbach






Die jaar 2022 sal altyd in Stellenberg-gemeente se annale as ’n jaar van groot veranderinge aangeteken word. Die Covid-19-pandemie het mense oor ’n periode van drie jaar in nuwe lewensritmes gedwing en die kerk moes in alle opsigte weer van voor af sy gemeenteaktiwiteite soos groepe, kategese en eredienste begin herbou en opbou.

Dit het ons gedwing om ons gemeente se bedieningstruktuur en -strategie weer opnuut te evalueer sodat ons op ’n relevante wyse met mense ’n geestelike en ondersteunende pad kan stap. Ons is veral baie dankbaar vir die groot aantal mense wat ons met ons aanlyn bediening in die vorm van eredienste, daaglikse dagstukkies en Bybelskoolsessies kon bereik.

Bo en behalwe die uitdagings van die pandemie, was daar in 2022 groot personeelwisseling. Twee predikante, die koster, finansiële bestuurder en ontvangsdame, wat almal lang jare diens by die gemeente gelewer het, het afgetree en verskeie nuwe personeel is gewerf en aangestel.

Vervolg op bladsy 2 . . .

Ons gaan 2023 dus met splinternuwe toevoegings tot ons predikante- en personeelspan in. Gaan loer gerus elders in die *Stellenberger* hoe ons nuwe leraars en ook nuwe kerkraadslede lyk.

Al die skuiwe en nuwe uitdagings het daartoe aanleiding gegee dat ons kerkraad ten opsigte van die gemeente se bedieningsmodel die volgende fokuspunte vir 2023 geïdentifiseer het:

- Ons wil by minder – maar wel meer gefokus by projekte en programme betrokke wees.
- Ons wil binne die gemeente se makrosamestelling meer geïntegreerd saamwerk om die ryke diversiteit van mense en gawes in die gemeente te vier.
- Ons wil graag meer lidmate by ons programme en projekte betrek.
- Ons wil herbesin oor die aanwending van ons finansiële bronne.

In 2023 gaan die fokus van ons uitreik of bediening na binne die gemeente, geskied volgens die volgende vier temas en gemeentewaardes. Dit word ook visueel op ons almanak vir 2023 uitgebeeld:

- Ons behoort (nader aan God)
- Ons bewoon (nader aan mekaar)
- Ons bewaar (maak 'n verskil in die wêreld)
- Ons bewerk (voortdurend vernuwe).

Met die oog op die gemeente se uitreik na buite, is die fokus in 2023 op die volgende projekte in naby- en vergeleë gemeenskappe gerig:

- Wat nabygeleë gemeenskappe betref, sal ons in die komende jaar by MES, die organisasie wat hawelose mense bedien, asook die gemeenskap van Klipheuwel, betrokke wees. Ds. Marius Schoombie verwys ook in 'n ander artikel in die *Stellenberger* hoe die jongvolwassenegroep o.a. in Klipheuwel betrokke is. Die gemeente se kosprojek ondersteun ook gesinne en voedingsprojekte in ons nabye omgewing.
- Betrokkenheid by plekke en gemeenskappe verder weg van ons sal Calitzdorp, Leeu-Gamka en Beaufort-Wes insluit. Ons het deur middel van jeuguitreike 'n jare lange verbintenis met dié Karoodorpe ontwikkel. Met Vosburg-gemeente het ons ook 'n besondere verbintenis en ons beoog om weer in 2023 saam met hulle 'n basaar aan te bied.

Al hierdie aksies en beplanning is net moontlik deur getroue lidmate se meelewing en finansiële ondersteuning. Ons is baie dankbaar daarvoor. Die gemeente se begroting kan soos volg eenvoudig verduidelik word. Ons begin elke finansiële jaar met 'n begroting wat van binne die gemeente verhaal word deur Sondagkollektes, maandelikse dankoffers en tiendemaandbydraes wat lidmate vanaf Oktobermaand gee. Van buite die gemeente word die inkomste dan gedeeltelik deur die feesmarkinkomste aangevul. Lees gerus meer oor ons geslaagde feesmark in 'n ander artikel in die *Stellenberger*. Ons streef altyd daarna om 'n derde van ons inkomste buite die gemeente se grense aan te wend.


Oorweeg asseblief om maandeliks deur middel van 'n debietorder by te dra tot die projekte en werk van die gemeente en ook om jou bestaande debietorder jaarliks te verhoog. Kyk gerus na die grafiese uiteensetting van hoe ons tiendemaandinsameling vorder. Lidmate dra ook nog in Desember en Januarie by tot die insameling.

Vervolg op bladsy 3 . . .

Indien jy graag by enige van ons programme en projekte betrokke wil raak, is jy baie welkom om met enige een van die predikante kontak te maak.

Bydraes kan in die tiendemaanddankofferkoevert geplaas word, elektronies oorbetaal word ( ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005).
of met SnapScan gegee word. Gebruik tiendemaand as verwysing.

Ons is opreg dankbaar vir elkeen se meelewing en toewyding wat van Stellenberg-gemeente 'n ruimte maak waar ons saam in geloof kan uitreik, groei en omgee.
Mag die Here ons in 2023 inspireer om ons gemeentewaardes uit te leef deur waarlik daarna te streef om te behoort, te bewoon, te bewaar en te bewerk.



# Alteno steel harte by die feesmark





Die 24-jarige Alteno Solomons het vanaf Wenen in Oostenryk gekom om vir ’n paar maande by sy ma en susters in die Kaap te kom kuier. Met sy ma, ’n vloerbestuurder by die feesmark, se aanmoediging het hy toe sommer ook ’n werkie by die mark losgeslaan.

Alteno was die mark se amptelike trollie-organiseerder en moes toesien dat trollies deurentyd bymekaargemaak en op hulle plek, by die ingang van die mark, besorg word. Maar vir dié vriendelike jongman was die mense wat die mark besoek, belangriker as trollies.

“Ek wou seker maak mense is gemaklik en voel veilig as hulle by die mark uitstap,” sê Alteno. “Daarom was dit vir my belangriker om seker te maak ek help iemand om inkopies te dra, of stap langs iemand wat die terrein nie goed ken nie en moontlik kon struikel. Dit was soms vir my ongemaklik omdat ek kon agterkom mense dink ek bied hulp aan om geld te verdien, maar eintlik wou ek net help en wou nie noodwendig ’n fooitjie verdien nie.”

’n Foto van Alteno wat besig was om ’n feesmarkbesoeker te ondersteun, het op die feesmark se Facebookblad beland. Daarna het die kommentaar van besoekers en selfs van uitstallers wat vertel hoe die vriendelike jongman hulle op verskillende wyses behulpsaam was, eenvoudig ingestroom. Andrea Mouton-van der Merwe het onder andere geskryf: Hierdie man is ’n engel van Bo! Ek het verlede Donderdag flou geval by die feesmark en hy het by my gesit en gewag totdat die ambulans gearriveer het. Die wêreld het meer mense soos hy nodig.

Alteno, wat in Elsiesrivier grootgeword het, het danksy sy mooi stem ’n plek in die destydse Fidentia-koor, wat aan Stellenberg Hoërskool gekoppel was, losgeslaan. Sodoende het hy toe ook ’n leerder van Hoërskool Stellenberg geword en graad 12 daar voltooi.

Vervolg op bladsy 5 . . .

Na skool het hy voltyds vir 'n graad in musiek aan die Universiteit Vrystaat gaan studeer. Intussen het sy pad egter deur aanlyn gesprekke op die internet met dié van 'n Oostenrykse meisie gekruis. Die twee het verlief geraak en Alteno beoog om binnekort weer by haar in Oostenryk aan te sluit. Daar wil hy graag Duits leer praat en verder in musiekproduksie studeer.

Hy vertel dat sy ma hartseer is omdat hy nou weer weggaan, maar gelukkig het sy en die meisie, Patricia, 'n baie goeie verhouding en hy bel ook elke dag sy ma wanneer hy in Oostenryk is. Alteno sê dat hy nooit Suid-Afrika heeltemal wil verlaat nie. Hy hoop om nadat hy gevestig is in Oostenryk, die geleentheid te hê om soos 'n swaeltjie tussen Suid-Afrika en die pragtige Wenen te pendel.

Alteno se gedrag laat 'n mens onwillekeurig dink aan die bekende aanhaling: If you can be anything, be kind.

*Ons wens jou alles wat mooi is toe met die nuwe ervaringe in Oostenryk, Alteno. Wie weet, dalk sien ons dié swaeltjie weer volgende jaar by die feesmark. Red.*

**Stellenberger**

**Samesteller:** Sanèl Joubert **Taalversorging:** Annemarie Spies

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal www.stellenberg.co.za

# Feesmarkvreugde is onblusbaar



Dit lyk asof niks – nie eers beurtkrag of hoë brandstofpryse – die opwinding en unieke gees wat met Stellenberg se feesmark gepaardgaan, vanjaar kon demp nie. Ons word die afgelope 27 jaar met besoekers geseën wat jaar na jaar die mark ondersteun en vanjaar was geen uitsondering nie.

"Die mark het 'n lewe van sy eie," sê Karen Visagie, feesmarkorganiseerder. "Ons maak planne en probeer om elke ding op sy plek te hê, maar uiteindelik, wanneer ons die deure op die eerste markdag oopsluit en mense begin instroom, ontwikkel die mark regtig sy eie energie.

"Ons is baie dankbaar dat die mark vanuit 'n verdienste-kant, die mikpunt waarvoor ons begroot het, gehaal het. Daarby is ons ook saam met ons uitstallers opgewonde dat hulle harde werk beloon, is. Van ons uitstallers wat besonder goed gevaar het, was mense in die dekor-kategorie. Die seekos-paella, salami en tuisgemaakte kase was vanjaar ook top-verkopers. Ek dink 'n hele paar mense kan vanjaar silwerjuwele in hulle Kerskouse te wagte wees, want ons juwele-uitstallers se verkope het bo verwagting goed gevaar. Ek is ook opgewonde oor een van ons nuwe uitstallers wat vir die eerste keer sy braaitoerusting hier ten toon gestal het en besonder goed ondersteun is.

"Van ons uitstallers is al 80 jaar en ouer en vanjaar was ons jongste uitstaller 'n 12-jarige entrepreneur wat skryfbehoeftes uitgestal het. Besoekers het die mark se vloei en lekker breë gange gereeld gekomplimenteer. Ons het 12 kasregisters gehad en 'n ekstra vier wat toegesê is aan klante wat minder as vyf items wou betaal. Daar was dus nooit lang rye by die kasregisters nie, selfs nie eers op Saterdae nie.

"Besoekers in rolstoele kon ook gemaklik in die mark rondbeweeg. Jacques, een van die gemeente se terreinwerkers, was baie behulpsaam en gewillig om besoekers in rolstoele met groot geduld deur die mark te stoot. Ons 77 feesmarkpersoneellede was almal staatmakers en het met hulle toewyding sigbaar 'n gees van diensbaarheid by die mark uitgebeeld."

Suid-Afrikaners se voorliefde vir lekker eet het verseker dat die restaurantarea se verkope ook nie in die slag gebly het nie. Volgens Karen was die groot gunstelinge op die spyskaart pizzas, pannekoeke, hamburgers en roosterkoeke. Sy noem ook dat besoekers gehou het van die verskeidenheid maaltydopsies wat die kosstalletjies aangebied het.

"Dankie aan al ons lidmate wat dié grootste fondsinsamelingsprojek van die gemeente ondersteun het," sê ds. René Potgieter. "Soos met die res van ons begroting, word 'n derde van die feesmarkinkomste ook na buite aangewend en ons vertrou dat ons daarmee ook mense buite ons gemeente se lewens kan aanraak en verbeter.

Vervolg op bladsy 7 . . .

Die *Jars of Hope*-projek wat flesse met sopmengsels naby die kasregisters uitgestal en verkoop het, het die ongelooflike bedrag van R15 500 ingesamel. Die fondse word vanuit die gemeente se hande-en-rande-fonds bestuur en sal vir die bedryf van sopkombuise en ander voedingsprojekte aangewend word."

Nadat die feesmark vir drie jaar op 'n afgeskaalde vlak aangebied moes word, was dit 'n groot voorreg om weer vanjaar die mark in volgrootte te beleef. Die kerkterrein is nou weer stil en die woelinge en energie wat met die samekoms van mense gepaardgaan, is 'n gemis, maar kort na Kersfees begin ons weer in groot afhanklikheid van ons Hemelse Vader saam dink en beplan aan 2023 se feesmark. Mag sy groot genade ook in 2023 met ons wees.

# Charlotte behartig nou ontvangs en . . .

Ons stel graag vir Charlotte Schoeman, die kantoor se nuwe ontvangsdame, bekend. Haar naam het 'n Franse oorsprong en word nie soos die meer bekende Engelse weergawe uitgespreek nie. Foneties klink dit soos Sjarlot. Charlotte behartig sedert die begin van November die kantoor se ontvangs en alle lokaalbesprekings, en is ook behulpsaam met adminstratiewe take by die Stellenberg Terapiesentrum.

Charlotte, wat in die pragtige Ceres-vallei grootgeword het, was voorheen die praktykbestuurder by 'n groot mediese praktyk. Sy vertel dat sy twee groot passies in die lewe het waarvan die een is om as deeltydse lewensafriger, mense wat om verskillende emosionele of psigiese redes in 'n ongesonde leefstyl verval het, te begelei en motiveer om weer gesond te leef. Haar tweede passie is diere en sy het veral 'n groot liefde vir honde.

Charlotte is met Kobus getroud en saam het hulle 'n viervoetige kind, Nala.




*Hartlik welkom by die span, Charlotte. Ons werk reeds baie lekker saam met die vriendelike en vaardige nuweling op die personeel. Red.*

# Huisgeloof vir families



Foto van links: Johan Visser, Erhard Teubes, J.G de Villiers, Nigel Bowman, Magdel Kotze, Aty Burger, Jonathan Mitchell, Thelmie Potgieter, Blanco Barnard, Zilé de Kock en Madeleine Mitchell.

Lidmate het waarskynlik al tydens ’n erediens die term, huisgeloof, in een van ds. Johan Visser se preke gehoor.  Hy is passievol oor die geloofsbegeleiding van kinders en families en daarom het hy, as die verantwoordelike leraar vir geestelike sorg in die gemeente dit goed gedink om ’n familiebestuurspan saam te stel om hom en ander leraars spesifiek met die begeleiding van ouers in hulle kinders se geloofsvorming by te staan.

**Die benutting van HUISGELOOF as hulpmiddel:**

Geloofsvorming is iets wat in die eerste instansie in gesinne se huise plaasvind.  Ds. Visser en die familiebestuurspan het al meer tot die besef gekom dat huis en kerk deurentyd  ’n span moet wees en dat beide ruimtes vir kinders se geloofsvorming baie belangrik is. “Ons wil voortaan deur ’n huisgeloofsbril kyk,” sê ds. Johan Visser, “wanneer ons ook al met die geloofsopvoeding en geloofsgroei in families werk, en daarvoor moet ons dus ’n baie nou verbondenheid met ons gesinne vorm.”

Die volgende grafiese voorstelling beeld die huis se plek in geloofsontwikkeling eenvoudig uit:



**Die 4-SKAPPE van die formasiereis met gesinne:**

- **Vennootskap:** Ons wil ’n sterk **vennootskap** met ons ouers vorm om hulle in die geloofsopvoeding van hulle kinders by te staan.
- **Ouerskap:** Ons wil ouers toerus met die oortuiging dat huisgeloof en geloofsontwikkeling deel van ouerskap is.
- **Mentorskap:** Dit is ’n belangrike hulpmiddel waarmee ons ouers, kinders en jongmense op hulle geloofspad en in die verskeie ontwikkelingsfases daarvan kan ondersteun.
- **Vriendskap:** Met die hulp van vriendskappe kan ons saam met ouers, kinders, tieners en jong volwassens by verskeie roetemerkers op ons onderskeie lewenspaaie stop en dit saam vier.

Die hartklop van die formasiereis is om jongmense op hulle onderskeie geloofspaaie te begelei sodat elkeen sy/haar eie identiteit in Christus, asook hul lewensroeping kan ontdek. Sodoende sal hulle as geestelik selfstandige jongmense wat Jesus navolg, leef.

Bestudeer gerus die formasiereis se roetekaart. Verskillende mylpale word by verskeie roetemerkers gevier en elke gelowige se reis is ’n persoonlike belewenis vanaf die dag dat jou ouers saam met jou by die doopvont staan, tot jy self belydenis van geloof aflê.

Die formasiereis as bedieningsmodel vir families word in 2023 geïmplementeer.

# Ontmoet ons kerkraadslede vir 2023

Ons stel graag ons kerkraadslede aan lidmate bekend:





Van links: Blanco Barnard (geestelike sorg) , Dirk Brand (leierouderling) en ds. Marius Breytenbach (leraar verantwoordelik vir finansies, eiendomme en toerusting).





Van links: Nëil Burger (jeug), Zilé de Kock (geestelike sorg) en ds. Philipp Dietmann (tentmakerleraar verantwoordelik vir meditatiewe dienste).





Van links: Heleen du Toit (jeugbediening), Dirmü Gouws (geestelike sorg) en Dirk Heyneman (strategie).





Van links: Leon Kampman (getuienis), Dawie Malherbe (toerusting) en Corné Oosthuizen (geestelike sorg).





Van links: Ds. René Potgieter (leraar verantwoordelik vir getuienis), Marius Saayman (finansies) en Simon Schaaf (getuienis).





Van links: Ds. Marius Schoombie (leraar verantwoordelik vir die jeugbediening), Mike Smuts (toerusting) en Erhard Teubes (strategie).





Van links: Mike van Deventer (geestelike sorg), Rudolph van Schoor (toerusting en Stellenberg Terapiesentrum) en Karen Visagie (geestelike sorg).




Van links: Brenda Visser (kinderwerker) en ds. Johan Visser (leraar verantwoordelik vir geestelike sorg en eredienste).

# Jongmense oorwin die "Kaapse Kilimanjaro"

Deur: Mia Smuts





Arangieskop, net buite Robertson, is op 5 en 6 Oktober deur 12 Annibrand Seniors, onder die leiding en wakende oog van onder andere ds. Marius Schoombie, uitgeklim.

Ons het om 04:30 die pad na Robertson aangepak, 'n noodgedwonge koffiestop gemaak en toe kort voor lank het ons ons aan die voet van die imposante bergspits bevind. Met oë gerig op die piek, 1 200 meter bo ons koppe, het ons moed in ons tekkies gesink.

Op die eerste stapdag het ons 10 kilometer afgelê. Gereelde stoppe is gemaak om nie net asem te skep nie, maar ook om die beeldskone omgewing te waardeer. Die blomme was oop en 'n mens het met elke rondkyk, iets moois gesien. Daar was baie water langs die roete, waar ons waterbottels kon volmaak en 'n paar brawe stappers ook die yswater kon aandurf en swem.

Nadat 1 100 meter se boontoe klim agter die blad was, het ons groot vreugde gevind in ons eerste blik op die oornaghut. Almal het sommer dadelik op die grasperkie buite die hut neergestort en die grootheid van die ononderbroke uitsig op die vallei en omringende bergreeks bewonder. Alhoewel die wind ons gelooi het, het die groep tog buite om die tafel gesit en kuier en later 'n pragtige sonsondergang aanskou.

Diegene wat die volgende oggend vroeg genoeg uit hulle slaapsakke gekruip het, is met 'n besonderse sonsopkoms beloon. Ons het vroeg begin stap en vinnig die laaste stukkie bergop klim voltooi om die piek van Arangieskop te bereik. Ons posisie op die kruin het aan ons 'n eindelose panoramiese uitsig oor die Robertsonvallei aan die een en die Koo-vallei aan die ander kant, gebied.

Toe wag die uitmergelende afwaartse tog natuurlik op ons. Dit was 12 kilometer van baie steil afdraandes, ompaaie en nogmaals pragtige natuurskoon, voordat ons ons weer by die beginpunt bevind het.

Vervolg op bladsy 14 . . .

Met die aanvang van ons staptog, het ds. Marius Schoombie vir ons 'n boekmerk met dié teksgedeelte uit I Konings 19:7-13, gegee:

*7 Die engel het 'n tweede keer aan hom geskud en gesê: "Word wakker! Eet! Anders sal die pad vir jou te lank word." 8Toe staan hy op en hy eet, en deur die krag van die kos kon hy veertig dae en veertig nagte lank loop tot by Horeb, die berg van God. 9Hy het in 'n grot ingegaan en die nag daar deurgebring. Toe het die woord van die Here tot hom gekom en vir hom gesê: "Wat maak jy hier, Elia?" 10Hy antwoord toe: "Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring." 11Maar die Here sê vir hom: "Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan."Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie. 12Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte. 13Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan. Toe hoor hy 'n stem wat vir hom sê: "Wat maak jy hier, Elia?"*

Die staptoer was uiteindelik 'n pelgrimstog, waar ons opnuut en tree vir tree van God se teenwoordigheid bewus kon word – die "fluistering in die windstilte". Ons fisiese roete het wel presies geëindig waar ons begin het, maar ons elkeen se persoonlike pad wat ons daardie naweek nader aan God gebring het, het elkeen se eiesoortige storie vertel.

Mia Smuts | Mia is 'n graad 12-leerder wat in die gemeente grootgeword het.  Sy beoog om volgende jaar medies aan die Universiteit van Stellenbosch te studeer.

# Want soms moet 'n mens boekrakke bou . . .

Deur: Ds. Marius Schoombie

Die selgroep vir jong volwassenes kom gewoonlik op 'n Donderdag bymekaar om saam deur die Bybel te reis. Maar een Donderdagaand in Oktober het dié jongklomp Bybelstudie vir die bou van boekrakke verruil, want soos een van die groeplede opgemerk het: "Soms moet 'n mens boekrakke bou eerder as Bybelstudie doen".



Stellenberg-gemeente het 'n jare lange verbintenis met die Klipheuwel-gemeenskap, spesifiek by die oprigting van Shiloh se vroeëkinderontwikkelingskool. Die skool dien ook as gemeenskapsentrum waar verskeie programme vir gemeenskapslede aangebied word. Een van hierdie programme is die huiswerkklub, waar 'n veilige ruimte geskep word vir kinders om hul huiswerk in te doen. Die huiswerkklub was gelukkig om onlangs 'n groot skenking boeke te ontvang, maar toe ontstaan die dilemma dat daar geen enkele boekrak was om die boeke op te berg nie. Dié toedrag van sake het die jong volwassenes genoop om die bul by die horings te pak en eiehandig boekrakke vir die huiswerkklub te bou.

Die selgroep het juis in daardie tyd in Jakobus 2:18 gelees: *Maar iemand kan miskien sê: "Die een het die geloof en die ander het die dade." Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade."* Op hierdie klein en tasbare wyse herinner Stellenberg se jong volwassenes mekaar dat die Woord lewend geword en onder ons kom woon het, sodat ons liefde op 'n sigbare manier kan uitleef.

As jy wil deel word van 'n jongvolwasseneselgroep, kontak gerus die kerkkantoor by sunet@stellenberg.co.za of as jy meer wil weet hoe om betrokke te raak by hulp vir Klipheuwel, navrae@stellenberg.co.za.